

# Surrogaatekwivalensie in tweetalige woordeboeke met spesifieke verwysing na zero-ekwivalensie in Afrikataalwoordeboeke<sup>1</sup>

*Surrogate equivalence in bilingual dictionaries with specific reference to zero equivalence in dictionaries for African languages*

**R.H. GOUWS**

Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch  
rhg@sun.ac.za

**D.J. PRINSLOO**

Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria  
danie.prinsloo@up.ac.za



Rufus Gouws



Danie Prinsloo

**RUFUS GOUWS** is professor in Afrikaanse Taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy ook koördineerder is van die nagraadse program in Leksikografie. Sy primêre doseer-, studieleidings- en navorsingsgebied is die teoretiese leksikografie. Hy publiseer wyd in plaaslike en internasionale vakydskrifte en tree gereeld as spreker by internasionale kongresse en simposia op. Hy was as navorser verbonde aan onder meer die Woordeboeknavorsingsentrum van die Universiteit van Exeter, die Universiteit van Heidelberg en die Sentrum vir Leksikografie aan die Aarhus School of Business. Vir sy leksikografiese navorsing ontvang hy verskeie beurse en toekenning. Hy was die eerste voorstitter van AFRILEX (African Association for Lexicography). Sy werk in die teoretiese leksikografie word aangevul met werk aan verskillende praktiese woordeboeke. Hy is redakteur van die HAT.

**RUFUS GOUWS** is professor of Afrikaans Linguistics at the University of Stellenbosch and coordinator of the postgraduate programme in Lexicography. His primary field of interest in teaching, supervision and research is theoretical lexicography. He has published widely in local and international scientific journals and regularly participates in international conferences and symposia. He has been involved in a research capacity at, among others, the Dictionary Research Centre of the University of Exeter, the University of Heidelberg and the Centre for Lexicography at the Aarhus School of Business in Denmark. He has received a number of awards and prizes for his research in the field of lexicography. He was the first chairperson of AFRILEX (African Association for Lexicography). His work in the field of theoretical lexicography is complemented by work on various dictionaries. He is editor of the HAT.

**DANIE PRINSLOO** is Professor in Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria. Hy is nasionaal en internasionaal bekend vir sy baanbrekersnavorsing in Afrikataalleksikografie, Sepedi sintaksis en semantiek, Menslike Taaltegnologie en vir verskeie publikasies en kongresreferate. Hy is 'n voormalige

**DANIE PRINSLOO** is Professor of African Languages at the University of Pretoria. He is well known nationally and internationally for his groundbreaking research in the field of African language lexicography, Sepedi syntax and semantics, Human Language Technology and for numerous publica-

<sup>1</sup> 'n Volledig aangepaste en uitgebreide weergawe van 'n referaat wat by die 2008 Euralex Kongres gelewer is.

<p>voorsitter van AFRILEX (African Association for Lexicography), Hoof van die Departement Afrika-tale en voorsitter van die Skool vir Tale. Hy is die ontvanger van verskeie toekennings as Uitnemende Akademiese Presteerder en as 'n UP Denkleier van die eeu van die Universiteit van Pretoria asook 'n PanSAT-toekenning vir sy bydrae tot meer-taligheid.</p>	<p>tions and conference papers. He is a former Chairperson of AFRILEX (African Association for Lexicography), Head of the Department of African Languages and Chair of the School of Languages. He received several awards as Exceptional Academic Performer, and as a Centenary Leading Mind from the University of Pretoria, and a PanSALB award for his contribution to multilingualism.</p>
---	---

## ABSTRACT

### *Surrogate equivalence in bilingual dictionaries with specific reference to zero equivalence in dictionaries for African languages*

*The focus in a general bilingual dictionary is on the item presenting translation equivalents for the words represented by the lemma signs. Three major types of equivalent relations prevail, i.e. full equivalence, partial equivalence and zero equivalence. These different relations of equivalence confront lexicographers with different challenges to ensure that the users will be able to achieve an optimal retrieval of information from a given dictionary article. Ideally, suitable translation equivalents in the target language would be available for each source language item. Instances where a suitable translation equivalent is not available occur in any given language pair to be treated as source and target. Adamska-Salaciak (2006:99) goes as far as to state that "due to interlingual anisomorphism a bilingual dictionary is, strictly speaking, an impossibility" and that "all we can hope to produce are better or worse approximations". Lexicographers have an obligation towards their specific users to ensure a presentation and treatment of translation equivalents that will enable an unambiguous retrieval of information from the data on offer in the comment on semantics of a bilingual dictionary. The nature and extent of this treatment should be determined by the needs and reference skills of the intended target user group, the user situation and the lexicographic functions of the specific dictionary. There are frequent instances in any given language pair where a suitable translation equivalent is not available to be treated as source and target language in a bilingual dictionary. This is known as zero equivalence and can be regarded as the most complex type of equivalence to be dealt with in a bilingual dictionary. A linguistic gap can be identified when the speakers of both languages are familiar with a certain concept, but when one language does not have a word to refer to it, whereas the other language does have such a word. A referential gap can be postulated when a lexical item from language A has no translation equivalent in language B. This would be because the speakers of language B do not know the referent of the lexical item from language A.*

*This article addresses the various ways in which lexicographers of different dictionaries deal with the lack of equivalence and the subsequent use of surrogate equivalents. There are a number of strategies that the lexicographer can use when dealing with instances of zero equivalence, e.g. the use of glosses, paraphrases, illustrations and even text boxes with lexicographic comments. This article suggests different types of surrogate equivalents based on user needs, and it will be done in accordance with the relevant dictionary functions, i.e. the cognitive function and the communicative functions of text reception, text production and translation. It will be indicated that lexicographic treatment of zero equivalence is a major factor in bilingual dictionaries bridging, for example, Afrikaans or English with African languages. In many cases a substantial part, even a large number of sequential lemmas in any given alphabetical stretch, comprise zero equivalence. Such instances, mostly in respect of cultural terms pose a great challenge to the lexicographer.*

*They vary in nature and complexity and call for different and innovative ways of lexicographic treatment.*

*In this article the focus will be on the nature and extent of zero equivalence in the African languages, and different types of surrogate equivalents form the basis of the discussion. A distinction will also be made between different levels of surrogate equivalence. The approach is contemplative as well as transformative, with the emphasis on the needs of target users in respect of text reception and text production.*

*Acknowledging different degrees of complexity in the relation of surrogate equivalence leads to a tiered view of the concept. The first level in the hierarchy provides for linguistic gaps where a mere gloss or brief paraphrase of meaning will suffice. More complicated are the gaps where the surrogate equivalent also has to provide grammatical guidance. The top tier in the hierarchy provides for referential gaps where taboo, culture-specific or sensitive values have to be expressed. The lexicographer has to utilise available treatment options maximally and select the most appropriate one(s) in each case.*

## OPSOMMING

Tweetalige woordeboeke word om die onttrekking van verskillende tipes inligting geraadpleeg. Die datatipe waaraan die gemiddelde en kundige gebruiker van tweetalige woordeboeke die grootste behoefté het en wat daarom die algemeenste teiken van woordeboekraadpleging is, is die vertaalekwivalente, dit is die doeltaalvorme wat vir 'n bepaalde brontaalvorm verskaf word. Die leksikograaf moet vir drie hooftypes ekwivalentverhoudinge voorsiening maak, te wete absolute ekwivalensie, gedeeltelike ekwivalensie en zero-ekwivalensie. Dit is veral gevalle van zero-ekwivalensie wat leksikograwe voor die uitdaging stel om op verskillende maniere daarvoor voorsiening te maak dat die gebruikers 'n optimale onttrekking van inligting aan woordeboekartikels behaal. In hierdie artikel word gefokus op die aard en besondere omvang van zero-ekwivalensie in die Afrikatale en word verskillende tipes surrogaatekwivalente en benaderingswyses onder die loep geneem. 'n Onderskeid word ook gemaak tussen verskillende vlakke van surrogaatekwivalensie. Die benadering is kontemplatief sowel as transformatief en die behoeftes van die teikengebruikers ten opsigte van teksresepsie en teksproduksie word vooropgestel.

**TREFWOORDE:** surrogaatekwivalensie, zero-ekwivalensie, tweetalige woordeboeke, linguistiese gaping, referensiële gaping, Afrikatale, kulturele terme, vertaalekwivalente, teikengebruiker, leksikografiese funksies, betekenisparafrase, glosse, kommunikatiewe funksie, teksproduksie, teksresepsie

**KEY TERMS:** surrogate equivalence, zero equivalence, bilingual dictionaries, linguistic gap, referential gap, African languages, cultural terms, translation equivalents, target user, lexicographic functions, paraphrase of meaning, glosses, communicative function, text production, text reception

## 1. INLEIDING

Tweetalige woordeboeke word om die onttrekking van verskillende tipes inligting geraadpleeg. Die datatipe waaraan die gemiddelde en kundige gebruiker van tweetalige woordeboeke die grootste behoefté het en wat daarom die algemeenste teiken van woordeboekraadpleging is, is die vertaalekwivalente, dit is die doeltaalvorme wat vir 'n bepaalde brontaalvorm verskaf word.

Hierdie werklikheid van die leksikografiese praktyk word ook in die teoretiese leksikografie weerspieël deurdat die verskynsel van ekwivalensie sentraal staan in die metaleksikografiese gesprek. Kromann et al. (1991:2717) stel dit uitdruklik dat “Equivalence is the axis about which the activity of translation turns.” In tweetalige woordeboeke is ’n primêre fokus dus op daardie items wat aangebied word as vertaalekwivalente van die leksikale item wat deur die lemmateken verteenwoordig word. Adamska-Sałaciak (2006:99) gaan so ver as om te sê dat die samestelling van ’n tweetalige woordeboek streng gesproke onmoontlik is:

As repeatedly noted throughout, due to interlingual anisomorphism a bilingual dictionary is, strictly speaking, an impossibility: all we can hope to produce are better or worse approximations.

Leksikograwe is dit aan hulle teikengebruikers verskuldig om ’n aanbieding en bewerking van vertaalekwivalente daar te stel wat ’n ondubbelsoortige onttrekking van inligting vanuit die dataaanbod in die semantiese kommentaar sal verseker. Die aard en omvang van die aanbieding sowel as die bewerking van vertaalekwivalente moet bepaal word deur die behoeftes en naslaanvaardighede van die teikengebruikers, die gebruikssituasie, asook die leksikografiese funksies van die betrokke woordeboek. In hierdie verband is dit belangrik om weer eens te besef dat geen enkele woordeboek alles vir almal kan wees nie. Leksikograwe moet in hulle beplanning aan die eiesoortige eise van ’n spesifieke woordeboek en die beoogde teikengebruikers van daardie woordeboek aandag gee. Die behandeling van die begrip *ekwivalensie* in die teoretiese leksikografie moet eweneens voorsiening maak vir verskillende en uiteenlopende toepassingsmoontlikhede.

In die teoretiese leksikografie,<sup>2</sup> word daar vir drie hooftipes ekwivalentverhoudinge voorsiening gemaak, te wete absolute ekwivalensie, gedeeltelike ekwivalensie en zero-ekwivalensie. Die voorkoms van hierdie drie tipes ekwivalentverhoudinge stel leksikograwe voor die uitdaging om op verskillende maniere daarvoor voorsiening te maak dat die gebruikers ’n optimale onttrekking van inligting aan woordeboekartikels bereik. Dit sou die ideaal wees dat gepaste vertaalekwivalente in die doelstaal vir elke brontaalitem verskaf moet kan word. In elke taalpaar waarvoor daar tweetalige woordeboeke saamgestel word, gebeur dit egter dat daar nie altyd so ’n gepaste vertaalekwivalent beskikbaar is nie. Hierdie verskynsel waar ’n doelstaalvorm ontbreek as vertaalekwivalent van ’n brontaalitem staan bekend as die verskynsel van zero-ekwivalensie. Dit is een van die lastige maar veel voorkomende probleme van die opsteller van ’n tweetalige woordeboek en lei tot ’n komplekse tipe ekwivalentverhouding in woordeboekartikels.

Hierdie bydrae fokus op verskillende maniere waarop leksikograwe van verskillende woordeboeke moet reageer op die gebrek aan ekwivalensie en die daaropvolgende gebruik van surrogaatkwivalente. Verskillende strategieë kan deur leksikograwe gebruik word wanneer daar met zero-ekwivalensie gewerk word, byvoorbeeld die gebruik van glosse, betekenisparafrases, illustrasieprente en selfs tekskassies met leksikografiese kommentaar. Afhangend van die aard, belang vir die teikengebruiker en die kompleksiteit van sulke gevalle kan verskillende kruisverwysingsmoontlikhede ook gebruik word om die gebruiker na woordeboekinterne adresse te verwys, byvoorbeeld ander artikels en/of die buitetekste in die raamstruktuur en/of woordeboeksterne kruisverwysingsadresse waar meer inligting gevind kan word. Verskillende tipes surrogaatkwivalente word bespreek, met verwysing na die geldende gebruikersbehoeftes

---

<sup>2</sup> Vergelyk onder meer Rettig (1985), Gouws (1989) en Gouws & Prinsloo (2005).

asook die relevante woordeboekfunksies, naamlik die kognitiewe funksie en die kommunikatiewe funksies, dit is die vertalings-, teksresepsie- en teksproduksiefunksies.

## 2. VERSKILLENDÉ BENADERINGS TOT SURROGAATEKWIVALENSIE EN VERSKILLENDÉ LEKSIKALE GAPINGS

In die teoretiese leksikografie is die gesprek oor surrogaatekwivalensie grootliks beperk tot 'n beskrywing van ekwivalentverhoudinge en die verskillende tipes surrogaatekwivalente. In die beplanning van 'n tweetalige woordeboek is dit belangrik dat leksikograwe moet kennis dra van hoe hierdie verskynsel in bestaande woordeboeke hanteer is. Innoverende leksikografie vereis egter dat die leksikograaf verder moet gaan as 'n blote kontemplatiewe benadering (Tarp 2000) en 'n transformatiewe benadering moet volg wat voorsiening maak vir nuwe en verbeterde maniere om surrogaatekwivalensie te hanteer.

In die moderne leksikografieteorie word dit belangrik geag om die werklike doel en die leksikografiese funksies van enige woordeboek te identifiseer tydens een van die vroeë presamestellingsfases (vgl. Bergenholz & Gouws 2007). Die vasstelling van die leksikografiese funksies voorveronderstel 'n duidelike en ondubbelinnige vasstelling van die teikengebruiker, die gebruikersituasie asook die gebruiksituasie van die beplande woordeboek. Die keuse van leksikale items vir insluiting as lemmata asook elke aspek van hulle behandeling, met inbegrip van die aanbieding van surrogaatekwivalente, moet in ooreenstemming met die vasgestelde leksikografiese funksies gedoen word.

'n Vergelyking van twee tale maak 'n mens gou bewus van die afwesigheid van sekere woorde ter uitdrukking van bepaalde begrippe in 'n bepaalde taal. Hierdie afwesigheid van 'n woord vir 'n bepaalde begrip staan bekend as 'n leksikale gaping. Leksikale gapings is taalspesifiek. Dagut (1981:64) maak 'n onderskeid tussen twee tipes leksikale gapings wat merkbaar is in die oordrag van 'n teks van die een taal na die ander, te wete gapings wat te wyte is aan linguistiese faktore en dié wat te wyte is aan buite-linguistiese faktore. Hierdie twee tipes gapings staan onderskeidelik bekend as linguistiese gapings en referensiële gapings. 'n Linguistiese gaping ontstaan waar die sprekers van albei die tale vertroud is met 'n bepaalde begrip, maar waar die een taal nie 'n leksikale item het waardeur dit geleksikaliseer word nie, terwyl die ander taal wel oor so 'n leksikale item beskik. 'n Referensiële gaping bestaan waar 'n leksikale item van taal A nie 'n vertaalekwivalent in taal B het nie, omdat die sprekers van taal B nie vertroud is met die referent van die betrokke leksikale item in taal A nie. Referensiële gapings kom dikwels voor wanneer die brontaalvorm 'n kultuurgebonden leksikale item is en die sprekers van die doeltaal nie daardie aspek van die betrokke kultuur deel nie (vgl. Gouws 1989). Die voorkoms van sowel linguistiese as referensiële gapings dwing die leksikograaf om surrogaatekwivalente as woordeboekin-skrywings te benut. In die geval van linguistiese gapings weet die leksikograaf dat die sprekers van die doeltaal bekend is met die spesifieke begrip. Gevolglik behoort 'n kort betekenisparafrase voldoende te wees as surrogaatekwivalent. Die voorkoms van 'n referensiële gaping vereis egter 'n omvattender bewerking van die brontaalvorm omdat die doeltaalsprekers nie bekend is met die betrokke begrip waarna die leksikale item verwys nie.

Die *Dictionary of Lexicography* (Hartmann & James 1998) bied geen bewerking vir die lemma *surrogate equivalent* nie maar wel 'n kruisverwysing na *explanatory equivalent*:

## **explanatory equivalent**

In the translation of CULTURE-SPECIFIC VOCABULARY, the explanation of a word or phrase by means of a surrogate PARAPHRASE in the target language rather than a one-to-one EQUIVALENT, e.g. German *Dolchstosslegende* – English ‘myth of the “stab in the back” (betrayal of Germany after the First World War by its own politicians)’.

■ Zgusta 1984, Schnorr 1986.

Hier word dus pertinent verwys na kultuurpesifieke woordeskat, wat korrek is, maar dit skep die indruk dat surrogaatekwivalensie beperk is tot kultuurpesifieke woordeskat wat uiteraard nie die geval is in gevalle waar daar bloot ’n leksikale gaping is nie, soos Afrikaans versus Engels *padkos* > *food for the road*. Gebruik van die term *rather* bring ook nie die realiteit na vore dat daar dikwels nie ’n een-tot-een-ekwivalent as alternatief bestaan nie. Vergelyk die voorbeeld vir Afrikatale hieronder, asook Rademeyer (2010).

Besluite oor die aard en omvang van die aanbieding van surrogaatekwivalente moet op ’n woordeboek-spesifieke basis geneem word. Verskillende teikengebruikersgroepes sal ’n behoefté aan verskillende tipes surrogaatekwivalente hê, ter versekering van ’n optimale inligtingsonttrekking aan ’n bepaalde woordeboek. In ’n tweetalige woerdeboek met Afrikaans en Engels as taalpaar wat vir die Suid-Afrikaanse omgewing saamgestel word, sal die woord *padkos* as lemma aan die Afrikaans-Engelse kant opgeneem moet word. Engels beskik nie oor ’n absolute ekwivalent vir hierdie woord nie en die leksikograaf sal ’n surrogaat moet gebruik. Vir die gemiddelde lid van die Afrikaanse en Engelse taalgemeenskappe in Suid-Afrika sal ’n bondige betekenisparafrase soos “*food for the road*” voldoende wees. In ’n woerdeboek wat op leerders in die primêre skool gerig is, sal die betekenisparafrase effens omvattender moet wees.

In die keuse van surrogaatekwivalente moet die kultuurverskille tussen die taalgemeenskappe waarvan die tale as behandelde taalpaar in die woerdeboek optree, in aanmerking geneem word. Waar dit nie gedoen word nie, gebeur dit maklik dat nóg semantiese nóg kommunikatiewe ekwivalensie tussen bron- en doelstaal bereik word. In ’n woerdeboek met Engels en een van die Nguniale as behandelde taalpaar moet die Nguni-woord *lobola* as lemma opgeneem word. Hier het Engels ’n leksikale gaping en die leksikograaf sal ’n surrogaatekwivalent moet aanbied in die behandeling van die lemma *lobola*. Engels het wel ’n gedeeltelike ekwivalent wat aangebied kan word, naamlik *bride’s price*, maar hierdie gedeeltelike ekwivalent maak nie voorsiening vir die spesifieke kulturele waarde van die lemma nie en die leksikograaf moet liefs bykomende inskrywings voorsien ter aanduiding van ’n omvattender surrogaatekwivalent om ’n ondubbel-sinnige oordrag van die brontaalwoord na die doelstaal moontlik te maak. Indien so ’n woerdeboek saamgestel is vir gebruik in Suid-Afrika, waar die Engelssprekende woerdeboekgebruiker heel moontlik reeds ’n blootstelling aan die begrip *lobola* gehad het, kan die surrogaatekwivalent minder omvattend wees as in ’n woerdeboek wat vir Britse gebruik saamgestel is, waar die tipiese gebruiker geensins vertroud is met die begrip waarna die woord *lobola* verwys nie. Dit is weer eens belangrik om daarop te let dat ’n generiese benadering tot die behandeling van zero-ekwivalensie ondersteun moet word deur woerdeboek-spesifieke benaderings waar die gebruikersbehoeftes van die spesifieke woerdeboek bepalend is vir die aard en omvang van die surrogaatekwivalente.

Die behandeling van surrogaatekwivalensie vereis ’n sensitiewe benadering aan die kant van die leksikograaf om nie die sprekers van een van die behandelde tale, veral die brontaalsprekers,

te na te kom nie. Woordeboeke met Spaans en Engels as taalpaar behandel die Spaanse woord *mañana* dikwels bloot deur die gee van die Engelse vertaalekwivalent *tomorrow*. Hierdeur misken hulle die diepgewortelde gewoonte van uitstel, 'n lewenstyl van "ek sal dit later doen", wat uitgedruk word deur die gewoonte van *mañana*. Ter wille van die nie-Spaanssprekende gebruiker wat óf 'n tweetalige woordeboek óf 'n toeristewoordeboek raadpleeg, is dit noodsaaklik dat die behandeling van *mañana* verder moet strek as die blote gee van die gedeeltelike ekwivalent *tomorrow*, alhoewel *tomorrow* in sekere kontekste wel die aangewese ekwivalent is. 'n Surrogaatekwivalent is nodig om die *mañana*-gewoonte te verduidelik, maar ook om gebruikers bewus te maak van die sensitiewe aard van hierdie begrip, byvoorbeeld dat daar in sekere Latyns-Amerikaanse lande wetgeving ingevoer is om die gewoonte van *mañana* te vervang met een wat gekenmerk word deur streng stiptelheid.

Dieselfde geld vir die woord *inhlawulo* wat in 2010 besondere prominensie in Suid-Afrikaanse media geniet het. Sommige woordeboeke duï bloot die betekenis aan as die betaling van kompensasie of 'n boete. Sodoende word die dieperliggende betekenis en belangrike kulturele waarde van *inhlawulo* misken, naamlik 'n man wat 'n meisie buite-egtelik swanger gemaak het se betaling aan haar gesin/familie. Dit is dus 'n boete verskuldig deur die man wat verantwoordelik is vir die buite-egtelike swangerskap aan die gesin/familie van die betrokke meisie. Vergelyk die volgende verduideliking in dié verband:

Zuma said he had acknowledged paternity and paid an undisclosed amount of "inhlawulo" to the mother's family. Sokutu, the ANC spokesman, said "inhlawulo" is a payment traditionally made by the man when an affair results in a child, but he said its payment should not be seen as an admission of wrongdoing.

<http://cc.bingj.com/cache.aspx?q=inhlawulo&d=420710321055&mkt=en-za&setlang=en-za&w=38bef47,f5dfcb68>

Die surrogaatekwivalent wat in die bewerking van *mañana* en *inhlawulo* aangebied word, moet veel meer as net 'n bondige betekenisparafrase wees. Hierdie artikel wil op hierdie probleem fokus en daarop wys dat die bewerking van kultuurgebonden woorde dikwels van 'n uitvoerige aard en omvang moet wees indien die leksikograaf daarin wil slaag om die werklike doel van die woordeboek te bereik. Dit geld ook die bewerking van woorde wat aan taboe- of ander registerbeperkings onderhewig is. Juis in sulke gevalle moet surrogaatekwivalente veel sterker gerig wees op die bevrediging van 'n woordeboek se kognitiewe funksies.

### 3. SURROGAATEKWIVALENTE MET 'N KOGNITIEWE FUNKSIE

Die behandeling van byvoorbeeld kultuurgebonden leksikale items stel leksikograwe voor 'n wesentlike uitdaging in hulle poging om kommunikatiewe ekwivalensie te bereik. Vergelyk in hierdie verband voorbeeld (1) ten opsigte van die Afrikaanse bewerking van Xhosa-lemmas uit die *Greater Dictionary of isiXhosa*, 'n woordeboek in drie dele met Xhosa, Engels en Afrikaans as behandelde tale, met betrekking tot sekere aspekte van die gebruik van surrogaatekwivalente.

(1) *The Greater Dictionary of isiXhosa. Volume 2 K to P.* (Mini 2003)

#### **ukundyandyazela**

ritmies met die voet stamp sodat 'n hol tromgeluid voortkom.

**indyabo**

1 oorvloedige oes; oorvloedige voedsel; 2 'n rykdom van waardevolle dinge wat voortgebring is deur liggaamlike of geestelike inspanning, bv. 'n bundel gedigte, kennis, ens.: *daar is 'n rykdom gedigte in die bundel*; 3 rykdom van minerale, bv. goud, diamante, ens.

**unoko**

'n bietjie, klein getal of hoeveelheid van enigets bv. gesondheid, hoop, geld, ens.: *ek het nog 'n paar beeste oor*.

**umnqophisi**

een van die partye in 'n afspraak, ooreenkoms, verbond, ens.

**isinqothole**

getroue, lojale dienaar, bv. van die koninklike huishouing, die gemeenskap, die volk, ens.

**ukunqoza<sup>1</sup>**

iets af en toe met ongerekende tussenposes doen: *hy besoek Fort Hare af en toe*.

Die omvattende doeltaalinskywing is grootliks toe te skryf aan die kulturgebonde aard van die betrokke Xhosa-leksikale items. In hierdie surrogaattekwivalente is dit nodig om sowel linguistiese as ensiklopediese data te verskaf. Die insluiting van ensiklopediese data is in ooreenstemming met die benadering dat die onderskeid tussen linguistiese en ensiklopediese data wel vir die taalkundige van belang mag wees, maar dat dit irrelevant is vir die leksikograaf. Wat vir die leksikograaf belangrik is, is dat genoeg data oorgedra word ter versekering van 'n ondubbelsoinnige onttrekking van die inligting wat die teikengebruiker nodig het. In sommige gevalle is 'n blote feitlike parafrasering voldoende waar gepoog word om die tersaaklike aspekte saam te bind, soos vir Sepedi in vergelyking met Engels in die Engels → Afrikaans → Sepedi *Northern Sotho Terminology and Orthography No. 4* in (2).

(2) *Northern Sotho Terminology and Orthography No. 4*. (Departement van Onderwys en Opleiding 1988)

<b>English</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Sesotho sa Leboa</b>
abnormal (weather)	abnormaal (weer)	bjo sa tlwaelegago
bathing-cap	baaimus	kepisi ya mmese wa go rutha
bound opening	omgeboorde slip	sekala se se rokilwego ka mophetho
brothel	boordeel (sic)	bogwebakathobalano/ngwako wa kgwebo ka thobalano, brothele
herbivorous	pla[n]tetend (sic)	jago merogo/dimela
humerus	humerus, bo-arm been	lerapo la sefaka, humeruse
illiteracy	ongeletterdheid	go se kgone go bala le go ngwala, gose tsebe ditlhaka
incest	bloedskande	bootswa bja bohlola bja madi,
bohlola		

legend	legende/fabel	bja madi, inseste
memorisation	memorisering	nonwane ya pheletešannete
poaching	wilddiefstal	tshwaro ka hlogo, go swara ka hlogo, go tseba ka hlogo
pubis	skaambeen	go tsoma ka bohodu, go utswa go tsoma (diphoofolo)
recession	resessie	lerapo la pele la noka, pubise
self-conscious	selfbewus, verleë	theogo ya ekonomi, rešeñene
soccer	sokker	go se itebale, go ikgopola
tanker	tenkwa, tenkskip	kgwele ya maoto, futupolo
thorntree	doringboom	koloi ya tanka, sekepetanka
thunderstorm	donderstorm	mohlare wa meetlwa
upstairs	boontoe	pula ya ditladi, pula ya matlakadibe
urethra	uretra, urinebuis	lebato la ka godimo, apstese
vermicide	wurmgif	mothapo wa go hlapologa
zigzag	slingersteek	sehlare sa dibokwana
		moroko wa manyokenyoke

Enkele punte van kritiek ten opsigte van die behandeling kan egter wel geopper word. Die Afrikaanse ekwivalent *wurmgif* is 'n deursigtige kombinasie van *wurm* plus *gif* en is 'n geskikte vertaalekwivalent vir *vermicide*. Die Sepedi-surrogaatekwivalent-frase *sehlare sa dibokwana* "wurmmedisyne" (medisyne van wurms) is minder suksesvol vir die onervare teikengebruiker, deurdat *medisyne* nie noodwendig *gif* impliseer nie. Sepedi het 'n woord vir *gif* maar die frase *mpholo wa dibokwana* "wurmgif" is dubbelsinnig in die sin van "gif om wurms dood te maak" versus "wurms se gif (giftige wurms)". Die leksikograaf moes eerder 'n glos aangebied het soos "gif wat wurms doodmaak". Die Sepedi-woord *pubise* is 'nleenwoord uit Engels wat aangepas is in terme van die fonologiese herhalende konsonant-vokaal- (KV-KV ...) struktuur van Sepedi. Die meeste gebruikers sal waarskynlik steeds nie weet wat *pubise* beteken nie. Die parafrase *lerapo la pele la noka* "been aan die voorkant van die heup" gee wel waardevolle betekenisinligting vir die gebruiker. Die vraag is ook wat die waarde van die ondeursigtige kombinasie *skaam+been* vir die gebruiker is wat nie die betekenis van *pubus* ken nie. 'n Addisionele glos soortgelyk aan dié van Sepedi sou dalk van meer waarde vir die Afrikaanse teikengebruiker wees.

In al die gevalle in (2) waar 'n glos as deel van die Sepedi-bewerking aangebied word, slaag die leksikograaf nietemin daarin om die betekenis sinvol oor te dra.

#### 4. DIE OMVANG VAN ZERO-EKWIVALENSIE EN ONTOEREIKENDE SURROGAATEKWIVALENTE IN AFRIKATAALWOORDEBOEKЕ

Die omvang van zero-ekwivalensie tussen byvoorbeeld Afrikaans en Afrikatale soos Sepedi blyk uit die willekeurig geselecteerde gedeelte *kermis* tot *kerspit* in (3) uit *Pukuntšu* waar leksikale en referensiële gapings in *al vyftien* gevalle ter sprake is.

(3) *Pukuntšu*. (Kriel & Van Wyk 1989)

**kermis**, monyanya, moletlô.

**kermisbed**, malaô, bolaô.

**kern**, nyuklea, thapo, pelwana, kgôkgô, môkô; — *van 'n saak*, tabataba, kgôkgô ya taba.

- kernwapen**, sebetša sa nyuklea.  
**keroseen**, parafine.  
**kerrie**, khêri.  
**kerriekos**, dijô tša khêri.  
**kers**, lebônê, kêrêsê, lekgantlêla.  
**Kersaand**, mantšiboa a Krisemose, bošego bjô bokgêthwa.  
**Kersboom**, sehlašana sa Krisemose.  
**Kersdag**, Krisemose, letšatši la matswalô a Morêna.  
**Kersfees**, Monyanya wa Krisemose.  
**kersie**, tshêri.  
**Kerslied**, sefela sa Krisemose.  
**kerspit**, thapo ya lebônê, thodi.

In al 15 gevalle is daar leksikale en/of referensiële gapings en gevolglik is zero-ekwivalensie ter sprake. Die samestellers wend hulle gevolglik tot verskillende bewerkingsopsies in (3).

Ten opsigte van *kerrie* word met 'n enkele leenwoord uit Afrikaans volstaan en vir *kersie* met 'n enkele leenwoord uit Engels. Leenwoorde uit Afrikaans en Engels word ook binne die vertaalekwivalentparadigmas van *kern*, *kernwapen*, *kerriekos*, *kers* en *Kersfees* aangebied, vergelyk *nyuklea* (< nukleus/nuclear), *kheri* (< kerrie), *kerese* (< kers), *lekgantlela* (< candle) en *Krisemose* (< Christmas) respektiewelik.

Vir *kernwapen*, *kerriekos*, *Kersaand*, *Kersboom*, *Kersdag*, *Kersfees*, *Kerslied* en *kerspit* word omskrywings in die vorm van besitskonstruksies aangebied, *sebetša sa nyuklea*, letterlik: "wapen van kern", *dijo tša kheri* "kos van kerrie", *mantšiboa a Krisemose* "aand van Kersfees", *sehlašana sa Krisemose* "boompie van Kersfees", *letšatši la matswalo a Morena* "die dag van die geboorte van die Here" *monyanya wa Krisemose* "fees van Kersfees", *sefela sa Krisemose* "lied van kersfees" en *thapo ya lebone* "riem van die lamp" respektiewelik.

Semantiese ontlening vind plaas by *kern* en *kerspit* ten opsigte van *thapo* "riem", *pelwana* "hart", *kgokgo* "kroon van 'n waatlemoen", en *moko* "murg, pit". Ten opsigte van *kern* word *nyuklea*, *thapo*, *pelwana*, *kgokgo* en *moko* as sinonieme aangebied (geskei deur kommas), maar is in werklikheid 'n opstapeling van verwante betekenisonsderskeidinge ten einde zero-ekwivalensie te oorkom. Adamska-Sałaciak (2006:130) merk tereg op:

... the meaning which the lexicographer aims at may be either an intersection of the meanings of the near-equivalents or a sum thereof; if more than two near-equivalents are given, we may be dealing with a bit of both.

In die meeste gevalle in (3) is die bewerkings nie baie bevredigend nie. *Kheri* in beide artikels van *kerrie* en *kerriekos* as leksikale ontlening is waarskynlik onvoldoende inligting vir die L2-leerder van Afrikaans, nieteenstaande die feit dat dit by die morfologiese struktuur van Sepedi aangepas is. Net so is *lebone* "lamp, lig" as eerste ekwivalent vir *kers* onbevredigende semantiese ontleding, en die leksikograwe kan net hoop dat minstens een van die twee leenwoorde uit Afrikaans en Engels (*kerese* of *lekgantlela*) aan die L2-leerder bekend is. Die vertaalekwivalente vir *kermis* en *kermisbed* as bloot "fees" en "slaapplek" is ook ontoereikend, deurdat geen onderskeid gemaak word tussen byvoorbeeld 'n gewone bed of slaapplek en 'n kermisbed (byvoorbeeld as noodbed waarop meer as een persoon moet slaap, (HAT), Odendal & Gouws 2000) nie. Die vertaalekwivalente *monyanya* en *moletlö* "fees" is niediskriminerend omdat hulle nie tussen verskillende tipiese feeste onderskei nie.

Die dilemma van die leksikograaf en sy pogings tot die gebruik van verskillende strategieë in die hantering van zero-ekwivalensie kom hier duidelik na vore. Adamska-Sałaciak (2006:127) is verder van mening dat die aanbod van kulturele ekwivalente wat “naby genoeg” aan die brontaalitem is dalk didakties minder effekief is as 'n definisie of selfs die brontaalitem as eenwoord.

Net soos in die geval van (3) is daar ook in (4), 'n seleksie uit 'n willekeurig gekose bladsy uit *Greater Dictionary of isiXhosa* vir die lemmas *izingqika-ngqika*, *ingqiki-ngqiki*, *iingqiki-ngqiki* en *inqili* bevind dat zero-ekwivalensie in alle betekenisonsderskeidings vir beide Afrikaans en Engels ter sprake is.

(4) *The Greater Dictionary of isiXhosa. Volume 2 K to P. (Mini 2003)*

**izì·ngqíkà·ngqíkà** b/n -/8:  
izigede zabantu ababuleweyo,  
njengasedabini:

heaps of slain people (e.g. after  
a battle).

**i·ngqíkì·ngqíkì** b/n 9/10:  
umntu othe fofololo, walala  
phantsi elutywantsi okanye  
isilwanyana esithe sabuthisa  
salala phantsi singenakuvuka  
ngaphandle kokuba sivuswe:

a person who has fallen down  
helplessly or an animal which  
has lost its strength due to  
hunger,lying down helplessly.

persoon of dier wat uitgestrek op  
die grond lê, te swak om op te  
staan.

**i i · n g q í k i - n g q í k i :**  
**ii·ngqíkà·ngqíkà** b/n/-10:  
**1.** abantu ababonakala nje apha  
esixekweni abafana nemiduka  
bengaziwa nokuba ngoonbani  
na, oongqikana:  
**2.** = *izingqika-ngqika*:  
**3.** iingqimba zamafu; amaza eza  
engumkhosi xa lulwayo  
ulwandle:

**1.** The nameless indeterminate  
crowds in a city; the masses.  
**2.** = *izingqika-ngqika*  
**3.** banks of cumulus clouds; big  
waves in a rough sea.

**1.** die naamlose, oneienbare  
skares in 'n stad;  
**2.** = *izingqika-ngqika*  
**3.** banke donderwolke; groot  
branders in 'n onstuimige  
see.

**i·ngqílli** b/n 9/-:  
**1.** ilizwe, isizwe, ilali ebantu  
babonakalisa ukumanyana  
ngendlela eluqilima:  
**2.** umzi omkhulu, onobuhlanti  
obukhulu ngenxa yemfuyo  
eninzi, owakhiwe ngendlela  
ebonisa ukwakhwiwa  
ngokuqinileyo nobonisa  
isiromo:

**1.** a country, a nation or a location  
whose people are completely  
united; who form a united  
front.  
**2.** a big stately home, with a  
large kraal and a wealth of  
livestock, homestead or  
establishment which  
represents wealth and  
security.

**1.** land, volk of woongebied  
waarvan die mense verenigd  
is, 'n verenigde front vorm.  
**2.** groot, statige woning, opstal  
of inrigting wat van prag,  
waardigheid en veiligheid  
getuig.

Voorbeelde (3) en (4) toon duidelik dat zero-ekwivalensie op groot skaal in die Afrikatale voorkom en weerspreek derhalwe Adamska-Sałaciak (2006:117) se standpunt dat “zero equivalence, while more frequent, is also relatively rare ...”.

Adamska-Sałaciak (2006:24) beklemtoon die feit dat die identifisering van vertaalekwivalente op sigself problematies is deurdat daar selde 'n werklike een-tot-een korrelasie ten opsigte van lemma en vertaalekwivalent bestaan: “bilingual dictionaries have to try and do their job *despite* the fact that the lexicons of natural languages are resistant to pairwise matching”. Hierdie problematiek word in die geval van leksikale gapings in ontledings van die Afrikataalwoordeboeke, deur die gebruik van leenwoorde of vae niediskriminerende enkelwoorde as vertaalekwivalente gemanifesteer.

(5)

a. *New English – Northern Sotho Dictionary*. (Kriel 1976)

**ceiling**, n., siling, tširahlaka

b. *Eskom Glossary of Energy Terms. English — Sepedi — Sesotho*. (Diale & Neke 2001)

Ceiling

*The inner upper surface of a room.*

Sepedi

*Bokagodimo bja ka gare ga phapoši.*

Sesotho

Bokahodimo bo ka hare ba phaposi.

In (5b) bied die glos *bokagodimo bja ka gare ga phapoši* 'n veel beter betekenisomskrywing van plafon as *New English – Northern Sotho Dictionary* se vertaalekwivalente *tširahlaka* “dakbeskermer” of selfs die leenwoord *siling* wat waarskynlik onbekend aan die gebruiker is.

Leksikograwe moet besluit watter vorm hulle gebruikers ten beste dien. Alhoewel die leksikografiese funksies van tweetalige woordeboeke te selde eksplisiete vermelding in die voortekste-afdeling kry, blyk dit dat kommunikatiewe funksies die algemeenste voorkom. In hierdie verband rig sommige woerdeboeke hulle uitsluitlik op teksresepsie as kommunikatiewe funksie, terwyl ander woerdeboeke ook ruimte maak vir teksproduksie as kommunikatiewe funksie. Kultuurverskille tussen bron- en doeltaal en die voorkoms van referensiële gapings behoort leksikograwe te dwing om meer aandag aan die nakoming van die kognitiewe funksie te gee wanneer surrogaatekwivalente verstrek word. 'n Poging om ook die kognitiewe funksie in stede van slegs 'n kommunikatiewe funksie te bevredig, sal leksikograwe noop om vir 'n veel omvattender behandeling van surrogaatekwivalensie voorsiening te maak.

## 5. ZERO-EKWIVALENSIE EN GRAMMATIESE DIVERGENSIE

Alhoewel leksikale gapings dikwels voorkom in gevalle van kultuurverskille tussen tale kan dit selfs hoëfrekwensiewoorde uit die algemene taalgebruik aan 'n gepaste vertaalekwivalent ontbreek. Die behandeling van die woord *elke* in 'n woerdeboek met Engels en Sepedi as behandelde taalpaar is problematies, omdat daar nie 'n enkele ekwivalent vir hierdie woord in Sepedi bestaan nie. Dit is 'n geval waar 'n hoëgebruksfrekwensiewoord in Engels slegs bevredigend in Sepedi vertaal word deur middel van 'n vreemde kombinasiestrategie van die begrippe '*n sekere/ander een* plus '*n ander een* wat dan lei tot *elke*, byvoorbeeld '*n sekere man* en '*n ander een = elke man*, '*n sekere bees* en '*n ander een = elke bees*, ensovoorts. Hier word die tipe surrogaatekwivalent deur die

aard van die doelstaal bepaal. Wat as surrogaatekwivalent nodig is, is nie 'n tipiese betekenisparafrase nie maar veel eerder die keuse van 'n kombinasie van naamwoordstukke om die tersaaklike betekenis daar te stel. Grammatiese divergensie (vgl. Prinsloo & Gouws 2006), stel verdere uitdagings aan die leksikograaf. So, byvoorbeeld, behoort *nonna* "man", en *kgomo* "bees" tot verskillende naamwoordklasse wat elk sy eie stel grammatische merkers het wat die aard en omvang van die surrogaatekwivalent sal bepaal, vergelyk voorbeeld (6):

(6)

<i>monna yo mongwe</i>	le	<i>yo mongwe</i>
('n sekere man	en	'n ander een)
<i>kgomo ye nngwe</i>	le	<i>ye nngwe</i>
('n sekere bees	en	'n ander een)

Samestellers van Sepedi-woordeboeke bied dikwels slegs 'n opeenhoping van voorbeeldte ter behandeling van *every*, byvoorbeeld in die *New English – Northern Sotho Dictionary* "every, adj., mong le mong, nngwe le nngwe, ...". In 'n woordeboek met tekstresepse as funksie en met kundige gebruikers sou so 'n opeenhoping dalk sommige gebruikers tevrede stel. Maar as 'n taalkundige gebruiksinstrument faal so 'n woerdeboek om 'n gepaste doelstaalvorm vir die betrokke brontaalvorm te verskaf. In die behandeling van 'n woord soos *every* moet die leksikograaf bewus wees van die tipe zero-ekwivalensie, en die surrogaatekwivalente wat aangebied word, moet verder as die blote semantiese vlak strek deur die geldende grammatische konteks te gee wat die gebruiker nodig het om die brontaalvorm op 'n ondubbelbinnige manier te verstaan. Die aard van hierdie surrogaatekwivalente word dus ook deur grammatische aspekte bepaal.

As gevolg van grammatische divergensie mag die leksikograaf nie bloot '*n sekere ...* en '*'n ander* as surrogaatekwivalent gee nie. Dit moet aangevul word deur 'n spesifieke naamwoord sodat die grammatale merkers van die relevante naamwoordklas aangedui kan word. Hier wyk die leksikograaf dus af van die bondige betekenisparafrase wat tipies gebruik word in die geval van linguistiese gapings, en benut die leksikograaf eerder die grammatische stelsel van die doelstaal om die bes moontlike begrip van die brontaalvorm, maar ook om 'n behoorlike teksproduksiefunksie te verseker. 'n Blote kontemplatiewe benadering tot surrogaatekwivalensie sal hier nie voldoende wees nie. Die leksikograaf moet 'n transformatiewe benadering volg met vernuwende doelstaalinksrywings om die nodige inligtingsoordrag te verseker. Vergelyk (7) uit *Travlang*, 'n Engels-Afrikaanse woerdeboek waar die semantiese kommentaar tot die gee van drie vertaalekwivalente beperk kon word in teenstelling met voorbeeld (8) vir Sepedi waar die leksikograaf gelyktydig met zero-ekwivalensie sowel as grammatische divergensie te make het. Meer as net vertaalekwivalente moet gebied word om die gebruiker ten beste te help in sy/haar keuse van 'n gepaste vertaaldoelstaalvorm:

(7) *Travlang***every ... almal, elke, elkeen**<http://dictionaries.travlang.com/EnglishAfrikaans/dict.cgi?query=every&max=50>

(8) Sepedi

**every** Uitgedruk deur 'n herhaling van "'n sekere/ander" en die morfologie word bepaal deur die naamwoordklas. (kl.1): (*monna*) *yo mongwe le yo mongwe elke man*; (kl.3): (*monwana*) *wo mongwe le wo mongwe elke vinger*; (kl.5): (*lesogana*) *le lengwe le le lengwe elke jong man*; (kl.7): (*selepe*) *se sengwe le se sengwe elke byl*; (kl.9): (*kgomo*) *ye nngwe le ye nngwe elke bees*.

## 6. 'N HIËRARGIE VAN SURROGAATEKWIVALENTES

Die erkenning van verskillende grade van kompleksiteit in die verhouding van surrogaatekwivalensie lei tot 'n veelvlakkige beskouing van surrogaatekwivalente. Die eerste vlak in die hiërargie maak voorsiening vir linguistiese gapings waar 'n blote glos of 'n bondige betekenisparafrase voldoende hulp aan die gebruiker sal bied, byvoorbeeld in 'n geval soos *padkos* "food for the road".

Dit raak kompleksier in die geval van gapings waar die surrogaatekwivalent ook voorsiening moet maak vir grammatische leiding, byvoorbeeld *monna yo mongwe le yo mongwe* "n sekere man en 'n ander een" soos in voorbeeld (6) en (8).

Referensiële gapings vereis ook 'n kompleksier beskrywing wat tipies uit ensiklopediese inskrywings bestaan, soos in die geval van *ukundyandyazela*, *indyebu*, *unoko*, *umngophisi*, ens. in voorbeeld (1) hierbo.

Die hoogste vlak in die hiërargie maak voorsiening vir referensiële gapings waar taboe, kultuurpesifieke of sensitiewe waardes uitgedruk word. Hier moet die leksikograaf 'n behandeling toepas waarvan die omvang selfs verder strek as dié van definisies wat in eentalige verklarende woordeboeke aangebied word. Dit blyk byvoorbeeld uit die behandeling van woorde soos *mañana*, *witch*, *Merlion*, *inyoga yabafazi*, *umdodo*, *inqologho*, *umlaza* en *ukumetsha* in voorbeeld (9) tot (13) in woordeboeke waar die taal waarin die betrokke woord as brontaalvorm optree, daardie woorde as kultuurgebonden of taboevorme bevat. Die leksikograaf moet nie huiver om alle beskikbare leksikografiese middele aan te wend in die behandeling van surrogaatekwivalensie en waar nodig, kruisverwysings maksimaal te benut nie. Dit duif op 'n drang na volledigheid in die bewerking wat in gedrukte woordeboeke weliswaar deur ruimtebeperkings gestriem word, maar waar elektroniese woordeboeke veel meer akkommoderend is. Die leksikograaf moet ook besluit hoe omvattend en in hoeveel besonderhede die behandeling van sulke lemmas in verhouding tot hulle bestek, kompleksiteit, sensitiviteit en relevansie vir die teikengebruiker moet wees. In die geval van *mañana* kan die omvang van die behandeling byvoorbeeld beperk word tot 'n enkele artikel in die sentrale teks van die woordeboek, maar die leksikograaf kan in die bewerking verder gaan as die blote gee van 'n enkele vertaalekwivalent, wees gelaat deur koteks- en konteksinskrywings, soos in voorbeeld (9):

(9)

**mañana** ... tomorrow, morning, some indefinite time in the future. Also a habit of procrastination: a life-style of "I'll do things later", indicated by the habit of *mañana*, cf. **African Time**.

Vir *inyoga yabafazi*, *umdodo*, *inqologho*, *umlaza* en *ukumetsha* kan die behandeling in die artikels van die sentrale teks, (vergelyk voorbeeld (10a-e) uit die *Greater Dictionary of isiXhosa, Volume 2* (Mini 2003) en *Volume 1* (Tshabe 2006)), aangevul word met 'n kruisverwysing na die agtertekste-afdeling van die woordeboek en selfs na woordeboek-eksterne bronre waar bykomende, meestal ensiklopediese, data gevind kan word. Vergelyk in hierdie verband voorbeeld (11a) en (11b) uit die *Greater Dictionary of isiXhosa* se behandeling van *inyoka yabafazi* en *ukumetsha* waar, naas die bewerking in die sentrale teks, 'n uitgebreide bespreking in die agtertekste-afdeling aangebied word.

### a. Inyoka yabafazi

**i·nyôkà yabafazi** b/n 9/10:  
 kuthiwa yinyoka emnyama  
 ebengezelayo eneentloko  
 ezimbini, iyinyoka yokuthakatha;  
 ihlala esinqeni embhinqweni  
 emfazini okanye esifazini  
 phakathi; kgl ne-Add 22:

lit: *the snake of a woman/women's snake:*  
 it is said to be of a shiny black colour, to have two heads and to be used for purposes of witchcraft; it is kept on a woman's back within the folds of her skirt or within her vagina; see also Add 22.

Lett: *die slang van vroue/vroueslang:* daar word gesê dit is 'n blinkswart, tweekoppige slang wat vir bose towery aangewend word; die eienares bêre dit op haar rug tussen die voe van haar kombers of in haar vagina; sien ook Add 22.

### b. Umdudo

**um·dùdò** b/n 3/4:  
 umxhentso wakwaNtu aphem  
 umntu oxhentsayo angqisha  
 ngonyawo abalekise umzimba  
 ewutyityimbisa, iingalo  
 ehuziphakamisela phezulwana  
 lo gama kombelwayo:

1. a traditional dance where stamps down his/her foot to the rhythm of clapping hands

1. 'n tradisionele dans waarin voete gestamp word op die maat van handgeklap.

### c. Inqoloqho

**i·nqòlòqhó<sup>1</sup>** b/n 9/-:  
 isiko ebelisakwenziwa xa  
 ukruxeshe kuthe kwabonakala  
 ukuba udlala umonakalo  
 emboneni nasemazimbeni  
 ngokuthi agrayele phantsi  
 iinkozo zawo; kwakuye  
 k u k h e t h w e   i q e l a  
 lamantombazana asabugcinileyo  
 ubuntombi bawo, ahla le  
 ndawonye, amane ukuvuka  
 ngonyezi ajikeleze amasimi  
 lawo ebbinqe nje izikhaka  
 ezifutshane kuphela, ekhwaza,  
 egxotha ukruxeshe, esithi,  
 "eLubhelu!", okt "yiya  
 eLubhelu!"; kgl ne-Add 12:

a custom formerly followed to deal with destruction caused by caterpillars to grain crops eg sorghum and mealies: a team of girls (all virgins) were sent through affected fields to call, "eLubhelu!", i.e. "go away, to eLubhelu!"; see also Add 12.

'n gebruik wat vroeër gevolg is as 'n metode van bestryding van 'n ruspeplaag wanneer ruspes die graanoes, sorghum en mielies in die mielie/en sorghumlande bedreig het; 'n aantal jongmeisies, almal maagde, is by 'n bepaalde kraal byeengebring die meisies het bedags, vroeg elke mûre, deur die besmette lande geloop terwyl hulle uitroep: "eLubhelu", d.w.s "gaan weg, eLubhelu toe!"; sien ook Add 12.

### d. umlaza

**úm·lâzà** b/n 3/4:  
 imo yomntu engafanelekanga  
 ebangelwa kukungahlambi emva  
 kokumetsha okanye ukulala  
 nomntu, emva kokuphatha  
 inyama namafutha ayo ezandleni,  
 njl:

ritual uncleanness resulting from sexual intimacy, handling meat with its fats, etc.

rituele onreinheid, die gevolg van geslagtelike omgang, die hantering van vleis en vet, ens.

## e. ukumetsha

uku-méthà nz/v ...

1. okwentoombi engatshatanga okanye umfana ongatshatanga; ukuba nocishi, ukuba nomntu athandana naye; kgl ne-Add 34 (*Qul 3*):
2. okomntu otshatileyo (indoda okanye umfazi); ukuthandana namntu wumbi ngoku atshatileyo; ukuknexeza;
3. ukuthi ibhinqa nomfo abanobudlelwane bokuthandana njengaku (1 no 2 apha ngentla) balale kunye; banikane isondo, kgl ne-Add 34 (*Qul 3*):

1. of an unmarried man or woman; have a love affair; see also Add 34 (Vol. 3);

2. of a married man or woman; have a love relationship outside the marriage; commit adultery;

3. of a man and woman who have a love relationship (as in 1 and 2 above); engage in sexual intercourse; see also Add 34 (Vol. 3).

1. van 'n ongetroude man en meisie/vrou: 'n liefdesverhouding hê; sien ook Add 34 (Vol. 3);

2. van 'n getroude man of vrou; 'n buite-egtelik[e] (sic) liefdesverhouding hê; ower-spel pleeg;

3. van 'n man en vrou wat 'n buite-egtelike verhouding het (soos in 1 en 2 bo); omgang hê, met mekaar verkeer; geslagsgemeenskap hê; sien ook Add 34 (Vol. 3).

(11)

a. **inyoga yabafazi** (The *Greater Dictionary of isiXhosa* Volume 2, Mini 2003), Addendum 22) ... 'n blinkswart, tweekoppige slang wat vir bose towery aangewend word; die eienares bêre dit op haar rug tussen die voue van haar kombers of in haar vagina; voor geslagsgemeenskap word dit verwyder anders sal dit die man aan sy penis byt en sy dood veroorsaak; ... dit kan gestuur word om *ingumbane* by iemand te veroorsaak waaraan hy sal sterf ... kan ook gestuur word om aan 'n sogende moeder se borste te suip sodat die baba wat aan haar drink, sal sterf.

b. **ukumetsha** (The *Greater Dictionary of Xhosa* Volume 3, Pahl 1989), Addendum 34)

... 'n seksspel beoefen wat nie penetrasie of aanraking van die geslagsorgane meebring nie. Hulle ontmoet mekaar volgens afspraak in dekgras of tussen bosse waar hulle met die gesigte na mekaar gekeer op hul sye lê. Die seun of man beweeg sy penis tussen die meisie se bene, sy beskerm haarskaamdeel met haar skaamteskort. Hierdie verkeer tussen die twee geslagte was 'n aanvaarde gebruik by die Xhosas en is deur die ouers van die meisie goedgekeur. Die geslagsorgane mag egter nie met mekaar in aanraking kom nie. Indien dit egter gebeur dat kontak plaasvind tot so 'n mate dat die maagdevlies geskeur word, word van die meisie gesê *ilolisile* (sien *ukulolisa*). Indien die meisie swanger word, heet dit *itakelwe* qv, en nie *imithisiwe* nie. ... die meisies van die bepaalde ouderdomsgroep ... [gaan] na die kraal van die vader van die man of seun wat die skade aangerig het. Hulle gaan die beeskraal binne en keer 'n bees van hul keuse daar uit. ... [die bees] word op 'n veilige afstand daarvandaan geslag en gebraai ... Hierdie bees word *inkomo yesihewula* genoem. In die geval van 'n meisie wat swanger raak, word 'n boete van vyf beeste opgelê. ... sy bly voortaan by haar vader se huis as ongehude moeder, *inkazana*. (Vetdruk ingevoeg.)

Let op die verskillende taboereëls wat hier ter sprake kom en die talle verwante en relevante kruisverwysings na die vetgedrukte kulturele terme wat op hulle beurt zero-ekwivalensiegevalle is.

## 7. OSTENSIEWE ADRESSERING

Prentillustrasie is van onskatbare waarde in die behandeling van referensiële gapings: 'n prentjie is dikwels veelseggender as 'n duisend woorde! Skematische voorstellings van byvoorbeeld *heks* en *Merlion* bied onteenseglik 'n noodsaklike byvoeging tot die teikengebruiker se verstaan van hierdie begrippe.

### (12) **witch**

Noun

- S: (n) enchantress, **witch** (a female sorcerer or magician)
- S: (n) **witch** (a being (usually female) imagined to have special powers derived from the devil)
- S: (n) Wiccan, **witch** (a believer in Wicca)
- S: (n) hag, beldam, beldame, **witch**, crone (an ugly evil-looking old woman)

[wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn](http://wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn)

### (13) **Merlion**

The Merlion is an imaginary creature with the head of a lion and the body of a fish. Its name combines "mer" meaning the sea and "lion". ...

[en.wikipedia.org/wiki/Merlion](http://en.wikipedia.org/wiki/Merlion)

### (14) **witch** en **Merlion**



<http://www.speedcommunications.com/blogs/speed/wp-content/uploads/2009/07/witch.jpg>



[http://www.tripadvisor.com/LocationPhotos-g294264-Sentosa\\_Island.html](http://www.tripadvisor.com/LocationPhotos-g294264-Sentosa_Island.html)

## 8. TER AFSLUITING

Leksikale en referensiële gapings, surrogaat- en zero-ekwivalensieverhoudings stel werklike uitdagings aan die innoverende vaardighede en toewyding van leksikograwe. Deur die leksikografieteorie op die leksikografiese praktyk toe te pas en deur erkenning te gee aan die gebruikersperspektief, het hierdie artikel gepoog om leksikograwe by te staan in hulle pogings om woordeboekgebruikers nog beter te dien.

Die verantwoordelikheid teenoor die gebruikers en 'n verbintenis tot die spektrum van leksikografiese funksies van 'n spesifieke woordeboek verhinder die leksikograaf om 'n taboereël te oortree in die geval van *ukumetsha* of in die gewoonte van *mañana* te verval wanneer daar met surrogaatekwivalensie gewerk word – anders sal die leksikografiese môre met sy bereiking van semantiese en kommunikatiewe ekwivalensie nooit aanbreek nie.

## 9. BIBLIOGRAFIE

- Adamska-Sałaciak, Arleta. 2006. *Meaning and the Bilingual Dictionary. The case of Polish and English*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Al-Kasimi, A.M. 1977. *Linguistics and bilingual dictionaries*. Leiden: E.J. Brill.
- Bergenholtz, H. & Gouws, R.H. 2007. The access process in dictionaries for fixed expressions. *Lexicographica* 23: 237-260.
- Bingj.com. <http://cc.bingj.com/cache.aspx?q=inhlawulo&d=420710321055&mkt=en-za&setlang=en-za&w=38bef47,f5dfcb68> [16 Februarie 2010]
- Dagut, M. 1981. Semantic Voids as a Problem in the Translation Process. *Poetics Today* 2(4): 61-71.
- Departement van Onderwys en Opleiding. 1988. *Northern Sotho Terminology and Orthography No. 4*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Diale, R.M. & Neke, S.J. 2001. *Eskom Glossary of Energy Terms. English — Sepedi — Sesotho*. Johannesburg: Eskom
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H. & Prinsloo, D.J. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SunMedia.
- Hartmann, R.R.K. & James, G. 1998. *Dictionary of Lexicography*. London: Routledge.
- Kriel, Theunis J. 1976. *The New English – Northern Sotho Dictionary, English – Northern Sotho, Northern Sotho – English*. 4<sup>th</sup> Edition. Johannesburg: Edcum.
- Kriel, T.J. & Van Wyk, E.B. 1989. *Pukuntšu*. Pretoria: J.L. van Schaik..
- Kromann, H.P. et al. 1991. Principles of Bilingual Lexicography. In: Hausmann, F.J. et al (eds) 1989-1991: *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlin: De Gruyter.
- Mini, B.M. (Hoofredakteur). 2003. *The Greater Dictionary of isiXhosa. Volume 2 K to P*. Alice: IsiXhosa National Lexicography Unit. Universiteit van Fort Hare.
- Odendal, F.F & R.H. Gouws. 2000. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vierde uitgawe. Doornfontein: Perskor.
- Pahl H.W. (Hoofredakteur). 1989. *The Greater Dictionary of Xhosa Volume 3 Q to Z*. Alice: Universiteit van Fort Hare,
- Prinsloo, D.J. & Gouws, R.H. 2006. Lexicographic presentation of grammatical divergence in Sesotho sa Leboa. *South African Journal of African Languages* 26(4): 184-197.
- Rademeyer, L. 2010. Die behandeling van zero-ekwivalensie in tweetalige woordeboeke. Ongepubliseerde MPhil-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Rettig, W. 1985. Die zweisprachige Lexikographie Französisch-Deutsch, Deutsch-Französisch. Stand. Probleme. Aufgaben. *Lexicographica* 1: 83-124.
- Speedcommunications. <http://www.speedcommunications.com>. [1 April 2010].
- Tarp, S. 2000. Theoretical challenges to LSP lexicography. *Lexikos* 10: 189-208.
- Travlang. <http://dictionaries.travlang.com> [24 Maart 2008]
- Tripadvisor. <http://www.tripadvisor.com> . [1 April 2010].
- Tshabe, S.L. (Hoofredakteur). 2006. *The Greater Dictionary of isiXhosa. Volume 1 A to J*. Alice: IsiXhosa National Lexicography Unit. Universiteit van Fort Hare.
- Wikipedia. <http://en.wikipedia.org/> [24 Maart 2008]
- WordNet. [wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn](http://wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn). [1 April 2010]